# DIE BEELD VAN WILHEM ADRIAEN VAN DER STEL IN DIE GESKIEDSKRYWING EN IN D.J. OPPERMAN SE VERSDRAMA "VERGELEGEN"

---

deur I.L. Jansen van Vuuren

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom
1973

DANKBETUIGING

Ek wil graag my hartlike dank betuig teenoor die volgende persone en instansies sonder wie se hulp en bystand hierdie verhandeling nie moontlik sou gewees het nie: My studieleiers, proff. drr. J.S. du Plessis en P.D. van der Walt; die personeel van die vol= gende biblioteke: die Ferdinand Postma-biblioteek (P.U. vir C.H.O.), die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek (Kaapstad), die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, die Merensky-biblioteek (U.P.); die personeel van die Kaapse Argiefbewaarplek; die Transvaalse Onderwysdepartement vir studieverlof; dr. Anna J. Böeseken; mev. Elsa Nolte; ds. en mev. A.J. du Plessis; Erna, Christof en Retha.

DIE BEELD VAN WILHEM ADRIAEN VAN DER STEL IN DIE GESKIEDSKRYWING EN IN D.J. OPPERMAN SE VERSDRAMA "VERGELEGEN"


INHOUDSOPGAWE i

VOORWOORD vi

INLEIDING ix

HOOFSTUK I 'N OORSIG VAN DIE BRONNELITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL

1. INLEIDING 1

2. PRIMÊRE BRONNE 1

2.1 Argivale bronne 1

2.1.1 RESOLUSIES VAN DIE POLITIEKE RAAD 5

2.1.2 Die DAGREGISTER; INKOMENDE en UITGAANDE BRIEWE 8

2.1.3 MEMORIES EN INSTRUKSIES 10

2.1.4 KAAPSE PLAKKAATBOEK 11

2.1.5 Die KLAGSKRIF van die vryburgers 12

2.2 Tydgenootlike bronne 17

2.2.1 Kopieë van fragmente van die DAGBOEK VAN ADAM TAS 17

2.2.2 W.A. van der Stel se verdediging 20

2.2.2.1 W.A. van der Stel se GETUIGSKRIF van 18.2.1706 21

2.2.2.2 W.A. van der Stel se KORTE DEDUCTIE 23

2.2.3 J. van der Heiden en A Tas se CONTRA DEDUCTIE 26

2.2.4 A. Bõgaert: HISTORISCHE REIZEN DOOR D' OOSTERSCHE DEELEN VAN ASIA 30

2.2.5 P. Kolbe: NAAUKEURIGE EN UITVOERIGE BESCHRYVING VAN DE KAAP DE GOEDE HOOP 32

3. LETTERKUNDE-BRONNE 33

3.1 D.J. Opperman: VERGELEGEN 33

3.2 K.E. Grové: DIE VERWERKING VAN DIE HISTORIESE MATERIAAL IN VERGELEGEN 34

4. SEKONDERE BRONNE 34
4.1 Gepubliseerde bronne 34
4.1.1 L. Fouché: "AANHANGSEL" by die DAGBOEK VAN ADAM TAS 35
4.1.2 G.McCall Theal: HISTORY OF SOUTH AFRICA BEFORE 1795 II 36
4.1.3 A.J. Böeseken: SIMON VAN DER STEL EN SY KINDERS 37
4.1.4 F.C. Dominicus: HET ONTSLAG VAN WILHEM ADRIAEN VAN DER STEL 37
4.1.5 Die Leibbrandt-skool 38
4.1.5.1 H.C.V. Leibbrandt: RAMBLES THROUGH THE ARCHIVES OF THE COLONY OF THE CAPE OF GOOD HOPE 1688 - 1700; PRECIS ... THE DEFENCE OF WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL 39
4.1.5.2 A.F. Trotter: OLD CAPE COLONY 40
4.1.5.3 I.D. Colvin: SOUTH AFRICA 40
4.1.5.4 S.R. Welch: PORTUGUESE AND DUTCH IN SOUTH AFRICA 1641 - 1806 41
4.1.5.5 M.W. Spilhaus: SOUTH AFRICA IN THE MAKING 1652 - 1806 41
4.2 Koerante en tydskrifte 42
4.2.1 Die CAPE TIMES van 1909 42
4.2.2 DIE HUISGENOOT (1927 - 1929) 42
5. SAMEVATTING 43

HOOFSTUK II DIE ONGUNSTIGE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL
1. INLEIDING 44
2. WILHEM ADRIAEN SE AFKOMS EN VOORKOMS 45
3. VAN DER STEL SE JEUGJARE 46
4. VAN DER STEL VOLG SY VADER OP AS GOEWERNEUR 47
5. DIE EERSTE JARE VAN WILHEM ADRIAEN SE BESTUUR 51
5.1 Vertroebeling 51

5.2 Van der Stel se boerdery 52
6. DIE ONGUNSTIGE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL IN DIE GESKIEDENIS 56
6.1 Van der Stel se teëstanders 57
6.2 Waar het Van der Stel gefouteer? Twee menings 57
6.3 Voorbeelde van die sterk gevoel teen Van der Stel 58
6.4 Die krisisjaar 1705 59
6.5 Jan Rotterdam 59
6.6 Die veeruil 60
6.7 Die vleis- en wynpag 61
6.8 Van der Stel - die onderdrukker 62
6.9 Van der Stel - die hebsugtige 66
6.10 Wilhem Adriaen se oneerlikheid 69
6.11 Wilhem Adriaen verwaarloos sy werk 71
6.12 Die Goewerneur se humeur en onsimpatieke optrede 73
6.13 Wilhem Adriaen se "vriendinne" 75
6.14 Wilhem Adriaen en die godsdiens 76
7. WILHEM ADRIAEN WORD HERROEP 77
8. W.A. VAN DER STEL SE BEELD - DRIE SLOTBESKOUINGS: A. BOGAERT, G.M. THEAL EN L. FOUCHÉ 80
8.1 Abraham Bogaert 81
8.2 G.M. Theal 82
8.3 L. Fouché 83
9. SAMEVATTING 84

HOOFSTUK III DIE "GUNSTIGE" BEELD VAN W.A. VAN DER STEL
1. INLEIDING 85
2. W.A. VAN DER STEL SE GETUIGSKRIF VAN GOEIE GEDRAG, 18.2.1706 86
3. DIE "CONFESSIEN" OF HERROEPINGS VAN DIE VRYBURGERS 90
4. VAN DER STEL SE TWEE POGINGS OM DIE KLAGSKRIF TE WEERLÊ: 1706 EN 1708 98

5. DIE LEIBBRANDT-SKOOL VERDEDIG VAN DER STEL 109
5.1 Die vryburgers word beskuldig en beledig 110
5.2 Vergelegen 113
5.3 Die Van der Stel-figuur 114
5.4 Kritiek op die H.O.I.K. 116
5.5 Van der Stel nooit verhoor 116
5.6 Simon en Wilhem Adriaen 117
5.7 Wilhem Adriaen se vroeë loopbaan 118
5.8 Van der Stel se herroeping 118
5.9 Lof vir die KORTE DEDUCTIE 119
5.10 Die Kaap na Van der Stel se vertrek 121
6. SAMEVATTING 121

HOOFSTUK IV DIE LITERÊRE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL
1. INLEIDING 123
2. D.J. OPPERMAN SE HISTORIESE BELANGSTELLING 124
3. VERGELEGEN EN DIE GESKIEDENIS 124
4. ENKELE AANTEKENINGE OOR DIE STRUKTUUR IN VERGELEGEN 125
5. DIE TAAL IN VERGELEGEN 126
6. DIE VERS IN VERGELEGEN 128
7. DIE LITERÊRE BEELD IN VERGELEGEN 131
8. VAN DER STEL SE AFKOMS EN DIE KLEURKWESSIE 141
9. ANDER KARAKTERFASETTE VAN DIE VAN DER STEL-FIGUUR IN VERGELEGEN 143
10. VAN DER STEL EN DIE NEWE-FIGURE IN VERGELEGEN 146
10.1 Van der Stel en sy vrou, Maria 147
10.2 Van der Stel en die Sekunde, Samuel Elsevier 150
10.3 Van der Stel en landdros Johannes Starrenburg 152
10.4 Van der Stel en ds. Petrus Kalden 153
10.5 Van der Stel en Henning Huising 155
10.6 Van der Stel en Adam Tas 157
10.7 Van der Stel en Jakobus van der Heiden 160

ΓI. SAMEVATTENDE GEHEELBEELD VAN DIE VAN DER STEL-FIGUUR IN VERGELEGEN 163

HOOFSTUK V 'N KORT VERGELYKING TUSSEN DIE HISTORIESE EN DIE LITERÊRE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL 167

BYLAES 1 - 8 171

BRONNE 181

VOORWOORD

Die Afrikaanse Geskiedenis en Letterkunde lê my na aan die hart; daarom is ek dankbaar dat ek fasette van albei in hierdie studie kon betrek. Enersyds is hierdie verhandeling dus 'n ondersoek na die historiese beeld van Wilhem Adriaen van der Stel as Kaapse goewerneur (1699 - 1707), en andersyds is dit 'n ondersoek na die literêre beeld van dieselfde figuur in D.J. Opperman se historiese versdrama VERGELEGEN.[1)]

Na my wete het daar in Afrikaans nog nie 'n studie verskyn waarin die beeld van 'n figuur in die geskiedskrywing én die letterkunde behandel is nie.[2)] Hierdie studie wil 'n beskeie bydrae op hier=die gebied wees.

Die vraag ontstaan dadelik: Wat is die doel van 'n studie van die geskiedskrywing? 'n Bekende historikus het verklaar dat Geskie=denis die geestelike vorm is waarin 'n kultuur hom rekenskap gee van sy verlede.[3)] Die beeld wat in 'n geskiedwerk van die ver=lede gegee word, hoe wetenskaplik die geskiedskrywer ook al te werk gegaan het, is nooit absoluut nie, maar relatief tot tyd en omstandighede;[4)] tot op sekere hoogte weerspieël dit die

1) D.J. Opperman: Vergelegen. Kaapstad, 1956.

2) Enkele werke waarin die beeld van 'n figuur in die geskied=skrywing behandel is, is P. Geyl: Napoleon. For and against. London, 1949; P. de Vries: Het beeld van Lodewijk XIV in de Franse geschiedschrijving. Amsterdam, 1948; J.S. Theissen: De prins van Oranje in de Nederlandsche geschiedschrijving. Haarlem, 1933.

3) J. Huizinga: Verzamelde werken VII. Haarlem, 1949 - 1951, p. 102.

4) F.A. van Jaarsveld: Lewende Verlede. Johannesburg, 1962, p. 128.

opvattinge, waardes en gebruike van die tyd waarin dit ontstaan het.[5] Daarom moet die geskiedenis steeds herskryf word; daarom lyk die geskiedskrywing dikwels na 'n nimmereindigende diskus= sie.[6] Maar hoe "meer wetenskaplik-bearbeide gesigspunte daar is, hoe meer aspekte van die waarheid word vir ons kenbaar, en hoe ruimer en dieper word ons insig in die verlede".[7] 'n Gefundeer= de historiese ēn literêre beeld van dieselfde figuur kan, volgens my mening, slegs daartoe bydra dat daardie beeld skerper in fokus kom. Dit het ek in hierdie verhandeling probeer doen.

Dit bring my dadelik by die volgende stelling: Ons moet nie die feit uit die oog verloor dat die Geskiedenis bevrugtend kan inwerk op die Letterkunde nie. Ons eie letterkunde het sulke voorbeel= de. Opperman se VERGELEGEN is miskien een van die beste voor= beelde.

W.A. van der Stel het my van jongs af geïnteresseer. Die meeste skoolgeskiedenisboeke het hom as 'n opperste skurk voorgestel en ek het gewonder of dit die volle waarheid is. Mettertyd het ek ontdek dat daar meer as een beeld van die Van der Stel-figuur be= staan: 'n geykte of ongunstige beeld en 'n ongeykte of gunstiger beeld. Maar 'n derde beeld het ontstaan met die verskyning van Opperman se drama VERGELEGEN. Al drie dié beelde word in hierdie verhandeling bespreek.

5) Vgl. D.W. Krüger: "Die relatiwiteit van die geskiedbeskouing" in Koers XIII, no. 5, pp. 159 - 170.

6) P. de Klerk: Die geskiedskrywing oor Paul Kruger. (Ongepu= bliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1969, p. 1)

7) Van Jaarsveld: Die Afrikaner en sy geskiedenis. Kaapstad, 1959, p. 34.

My belangstelling in die Van der Stel-tydperk is verder gewek deur die volgende uitsprake: "W.A. van der Stel is die eerste omstrede en daarom werklik dramatiese historiese figuur op Suid-Afrikaanse bodem"[8)]; die "Kaapse gebeurtenisse van 1705 - 1707 (het) die Suid-Afrikaanse geskiedenis inderdaad oor 'n tweesprong hêêngedwing in 'n vir honderde jare definitiewe rigting en vir die eerste keer duidelik die grondpatroon van alle latere spanninge te sien (ge)gee"[9)]; "die oorwinning wat die vryburgers behaal het, het verseker dat daar 'n Afrikaanse volk sou ontstaan"[10].

Ek wil dit duidelik stel dat die finale woord oor W.A. van der Stel nog nie gespreek is nie. Die hele ingewikkelde vraagstuk rakende sy persoon en bestuur vereis 'n diepgaande studie van die ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkeling van die Kaapse ne=dersetting gedurende die eerste vyftig jaar van sy bestaan. Dit sal die geskiedenis van die handel, die landbou en die veeteelt in al sy vertakkinge moet nagaan. Daarby sal dit ook 'n onder=soek moet insluit na die Kompanjiestelsel van daardie tyd.

8) A.P. Grové: Oordeel en Vooroordeel. Kaapstad, 1965, p. 106.
9) Rob Antonissen: Kern en Tooi. Kaapstad, 1963, p. 140.
10) G.D. Scholtz: Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I (1652 - 1806). Johannesburg, p. 244.

## INLEIDING

### Kort biografiese skets van W.A. van der Stel[1)]

Wilhem Adriaen van der Stel is op 24.8.1664 te Haarlem gebore en op 6.11.1733 is hy te Lisse, Nederland, oorlede. Hy was die oud= ste kind van Simon van der Stel en Johanna Six. Hy was vyftien jaar oud toe hy saam met sy vader, vier broers, een suster en die suster van sy moeder in die Kaap aangekom het. Sy moeder het in Nederland agter gebly en Simon het haar nooit weer gesien nie. Na verblyf van 'n paar jaar het hy in 1684 na Nederland terugge= keer. Hy was twintig jaar oud toe hy met Maria de Hase, dogter van die gewese Direkteur van Persië en Bengale, Francois de Hase, getroud is.

Die eerste kind van die egpaar is Sijmon genoem en is in 1685 ge= doop. Die gesin het in Amsterdam gewoon en was blykbaar vermoën= de mense, want Wilhem Adriaen het 10 000 gulden renteloos aan sy vader geleen toe dié begin het om sy huis op "Constantia" te bou.

Die egpaar se oudste kind is jonk oorlede. 'n Tweede seun is Willem Adriaan gedoop en 'n derde seun weer Simon. Later is nog drie dogters gebore: Cornelia, Jacoba en Maria.

In 1688 word Wilhem Adriaen eienaar van 'n landgoed en in 1697 verkoop hy dit weer vir 17 000 gulden. Gedurende hierdie jare was hy 'n gesiene lid van die samelewing en het verskeie

1) Die skets wat hier volg steun grotendeels op 'n artikel van A.J. Böeseken: "Wilhem Adriaen van der Stel", (W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woorde= boek II. Kaapstad, 1972, pp. 801 - 804).

belangrike poste beklee, onder andere dié van Schepen[2] van die stad Amsterdam. Toe hy dié stad verlaat het om sy vader as goe=werneur aan die Kaap op te volg, het hy 'n kapitaal van meer as 47 000 gulden aan die sorg van sy vriende agtergelaat. Een van hierdie persone was die Amsterdamse burgemeester, Nicolaes Witsen.

Wilhem Adriaen het op 11.2.1699 goewerneur aan die Kaap geword en op 23.4.1708 het hy die land finaal verlaat na sy herroeping deur Here XVII. Sy vrou het hom in 1723 ontval in die ouderdom van vyf-en-vyftig jaar terwyl hy self op sewentigjare ouderdom oorlede is.

Ten slotte moet enkele opmerkings oor Van der Stel se straf gemaak word. Hoewel hy sy geliefde "Vergelegen" moes agterlaat, het hy die Kaap as 'n ryk man verlaat. As in aanmerking geneem word dat hy hom as verantwoordelike hoofamptenaar aan die Kaap aan ernstige misbruike skuldig gemaak het, was sy herroeping na Patria nie 'n swaar straf nie. Hy het selfs sy rang en besoldiging behou![3] Hierdie optrede van Here XVII kan miskien begryp word as in aan=merking geneem word dat Wouter Valckenier op daardie stadium lid van die Raad van XVII was. Hy het as Kommissaris sekerlik nooit voorsien watter ernstige gevolge sy grondskenking aan Van der Stel sou hê nie. Feit is dat Here XVII met hierdie "ligte" straf eintlik erken het dat hulle ook skuld dra vir wat daar aan die be=gin van die agtiende eeu aan die Kaap gebeur het.

2) Van Dale se Handwoordenboek der Nederlandse Taal verklaar hierdie woord as "stedelijk overheidspersoon" of "wethouder".

3) Here XVII - W.A. van der Stel (brief) 30.11.1706 (H.C.V. Leibbrandt: Precis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters Received, 1695 - 1708. Cape Town, 1896, p. 432).